Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 16 Maart 2020

HANTERING VAN INTERIM REËLING RAKENDE COVID-19 VIRUS

Graag wil ons u as ouers gerusstel, na die afkondiging van president Ramaphosa, rakende die hantering van die veranderde kwartaalprogram vir die skoolkalender.

Dit is die doelwit van die skool om sover moontlik steeds kwaliteit onderrig aan ons leerders te bied. Ten einde dit te bereik, gaan die toetse van Dinsdag, 17 Maart, voort. Vrydag, 20 Maart se toetse, sal egter verskuif na kwartaal 2.

Die volgende reëlings sal geld:
Sluit van skool: Daar is verwarrende boodskappe ontvang. Die amptelike besluit vanaf die Departement van Onderwys is soos volg: Die skool sal **voortgaan op WOENSDAG, 18 MAART en om 14:00 sluit** . Dit is werklik belangrik dat leerders **Dinsdag, 17 Maart en Woensdag, 18 Maart skool bywoon,** aangesien belangrike kurrikulum-werk afgehandel moet word. Die skool sal **weer op DINSDAG, 14 April 2020, begin**. Indien enige verandering aan dié datums aangebring word, sal u as ouers dadelik in kennis gestel word.

Skoolkwartaal: Dit blyk asof die skoolkwartaal (kwartaal 2) moontlik langer gaan wees ten einde die tyd wat verlore gegaan het in kwartaal 1, op te vang. Poog asb. om reeds nou u reëlings dienooreenkomstig aan te pas.

Toetse van Vrydag, 20 Maart. Die toetse sal nie kan voortgaan in kwartaal 1 nie. Die toetse word verskuif na 15 April 2020. Dit impliseer dat die eerste week van kwartaal 2 vol van assesserings is:

Dinsdag, 14 April:	Gr. 8 (Teg), Gr. 9 (EBW), Gr. 10 (Lewenswetenskappe/Ontwerp), Gr. 11 (Engels), Gr. 12 (Besigheidstudies/Musiek)
Woensdag, 15 April:	Gr. 8 (Wiskunde), Gr. 9 (Engels), Gr. 10 (Wiskunde/Wisk Gel), Gr. 11 (Afrikaans), Gr. 12 (Wisk/Wisk Gel).
Donderdag, 16 April:	Gr. 8 (SW), Gr. 9 (Afrikaans), Gr. 10 (Afrikaans), Gr. 11 (Gasvryheid/Musiek), Gr. 12 (RTT)

Rapporte: Rapporte sou uitgegee word op 9 April. Die datums sal in oorleg met die departementele voorskrifte geskuif word.

Leerders wat siek is: Ons doen ‘n beroep op u om enige leerder wat wel siek is, tuis te hou en dadelik die skool in kennis te stel. Soos met enige ander formele assesserings is ‘n doktersbrief steeds nodig ten einde toegang te kry tot ‘n siektetoets.

Kontak tussen leerders / personeel: Soos aangedui in die media-verklaring vra ons dat u aan u kind verduidelik dat enige fisiese kontak (drukkies, handskud, soene ens.) gevaarlik is en liefs nie moet gebeur nie.

Toere: Op aanbeveling van die Departement van Onderwys word alle verdere toere gestaak.

Alle ander aktiwiteite wat sou plaasvind, na die 14de April, gaan tans voort soos aangedui in die dagboek. Indien daar veranderings moet plaasvind, sal u in kennis gestel word.

M LEZAR
SKOOLHOOF

Die Hoërskool Wonderboom

Integriteit Respek Verantwoordelikheid Diensbaarheid Erkenning